


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 3, No. 5

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Twee Teenstrydige Sienings

Baie van u wil graag meer weet van God se weë en hoe om die ware God en Sy Seun, Jesus Christus, te dien. So nie, sou u heel moontlik nie hierdie tydskrif gelees het nie.

Daar was 'n tyd toe *talle mense* sou stry oor die verskille in godsdiensleerstellings en -praktyke. Oor die algemeen erken mense dat *groot verskille* tussen die onderskeie kerke en godsdiensorganisasies bestaan. Hulle was gewillig om die Bybel te *bestudeer* en uit te vind wat dit werklik sê. In onlangse jare blyk dit egter dat die meeste mense maar net aanneem dat ons “almal dieselfde” is en dat dit nie werklik saak maak wat ons glo nie. Pleks daarvan het mense 'n “lekker warm, hartlike” gevoel oor God. Hulle probeer 'n kerk vind wat vriendelik is, met baie aktiwiteite, jeugprogramme en goeie musiek – en hulle laat die bespreking van leerstellings aan die leraars oor.

Tog gebied u Bybel: “**Beproof** alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21). Die Christene in Berea is aangeprys omdat hulle “die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die **Skrifte ondersoek** [het] of hierdie dinge so was” (Handelinge 17:11).

Het u eerlikwaar die “Skrif ondersoek” om heeltemal seker te wees dat u godsdiensooruigings reg is? Het u uself geestelik ingespan om die godsdiensleerstellings wat u aanhang deeglik te **bewys**?

Dit is lewensbelangrik om te besef dat daar selfs onder belydende Christene heelparty absoluut *teenstrydige sienings* is oor God, die leringe van Jesus Christus en die ganse **doel** vir die menslike bestaan! Die Rooms-Katolieke byvoorbeeld, het 'n heeltemal *verskillende* siening as die meeste Protestante aangaande die outoriteit van die Bybel, die versoenende offerande van Jesus Christus en selfs die geaardheid van God.

In my besoeke as toeris aan verskeie Katolieke kerke oor die jare, het ek baie mense op hul knieë voor standbeelde van die maagd Maria en ander “heiliges” gesien, terwyl hulle uit hul hart uit tot hierdie standbeelde bid. Baie evangeliesgesinde Protestante sê dat hulle *nooit* voor sodanige standbeeld, prent of afgod sal bid nie. Hul idee is dat Christene net “vandag vir Jesus in hul lewens moet innooi en dan is die soeke verby. Jesus sal alles vir u doen en daar is niks meer wat u hoef te doen nie. Neem Jesus nou aan en maak nie saak wat later gebeur nie, u sal hemel toe gaan wanneer u sterf”.

“Nou wat is fout daarmee?” mag u vra. Wel, eerstens, die algemene “hoofstroom” konsep van “hemel toe gaan” is heeltemal vals en teenstrydig met God se Plan. *Die Bybel beskryf nooit die hemel as die ewige beloning van die wat gered word nie*. Dit praat van die “koninkryk van die hemel” – nie 'n koninkryk *in* die hemel nie. Dit

beskryf dat God besig is om ons beloning in die hemel voor te berei, maar **nooit** dat ons daarheen sal gaan om dit in ontvangs te neem nie! Jesus sê eerder: "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees" (Openbaring 22:12).

Weet Jesus Christus, die Seun van God, van die hemel? *Natuurlik!* Hy sê: "En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het" (Johannes 3:13). Waar laat dit Abraham, die "vader van die getroues"? Waar laat dit Dawid, "'n man na God se hart"?

Die wesentlike *gevaar* van hierdie "hemel toe gaan" idee is dat dit in direkte teenstelling is met Christus se duidelike en konsekwente onderwysing dat Christene "oorwinnaars" is wat gereedmaak om Hom by te staan om **heerskappy** oor die ganse aarde te voer! Jesus sê: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het" (Openbaring 2:26-27).

Die ware Jesus van u Bybel het gekom om die boodskap van die Koninkryk van God (Markus 1:14) te verkondig. Dit was *nie* 'n vae evangelie oor 'n warm gevoel in 'n mens se hart of om net die *Persoon* van Jesus "aan te neem" nie. Dit was eerder oor die eerskomende *regering* van God

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad: Persoonlik

Twee Teenstrydige Sienings

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

Hoofartikel.....3

Watter Christus Aanbid U?

Die Wêreld na die Derde Wêreldoorlog.....8

Die mensdom is voortdurend besig om wapens van massa vernietiging uit te vind en te vervaardig. Sal die mensdom die Derde Wêreldoorlog kan oorleef, of sal hulle na Steentydperk toestande verval? Bybel-profesieë onthul 'n hoopvolle antwoord!

Profesieë in Vervulling: Europa en die Vatikan se Agenda.....13

Leer om die Weg na Vrede Toe te pas.....15

Satan se Middele.....20

Samaritane: Oud en Nuut.....24

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Watter Christus Aanbid U?

Deur Roderick C. Meredith

Namate die *einde* van hierdie era nader, is dit absoluut noodsaaklik dat u en u geliefdes in pas is met die God van die Skepping. Hy is die *enigste* Een wat u waarlik kan beskerm en lei deur die traumatiese jare wat voorlê. U vriende, familie en andere mag behulpsaam wees en u sterkte toewens – maar *slegs* die Almagtige, God die Skepper wat die Bybel geïnspireer het, kan u teen die groot slagting wat voorlê, beskerm. Daarom is dit absoluut *noodsaaklik* dat u die volle *Waarheid* omtrent die weg van God leer.

Die meeste van u wat nou hier lees, wil waarlik die God van die skepping aanbid. U wil Jesus Christus eer en Hom dien op die manier wat Hy verlang. U mag egter *ernstig* deur *ander mense* mislei gewees het, mense wat u nie reg geleer het hoe om na God te soek en Hom te dien nie. Het u die intellektuele en geestelike eerlikheid – asook die moed – om dit objektief te oorweeg?

Miljoene opregte belydende Christene *beseft* eenvoudig *nie* dat hulle idees en tradisies aanhang en beoefen wat in *algehele teenstelling* is met wat Jesus Christus onderrig en beoefen het nie. Onwetend, sonder enige twyfel, is die meeste van u wat nou hier lees ook onder hierdie indruk.

Wanneer u die Bybel toelaat

om homself te vertolk, kom hierdie standpunt baie duidelik na vore. Is u persoonlik gewillig dat die Bybel u meedeel oor die toestand van hierdie wêreld en selfs die *godsdienstgesteldheid* van baie van diegene wat daarop aanspraak maak dat hulle Jesus Christus volg? God inspireer die apostel Paulus om ons te waarsku teen Satan, die duiwel – die “slang” wat Eva aan die begin mislei en die mensdom van God weggelei het: “Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n **ander Jesus** verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n *ander gees* ontvang as wat julle ontvang het, of 'n *ander evangelie* as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Korintiërs 11:3-4).

Vandag is daar *allerlei benaderings* tot sogenaamde “Christenskap”, wat wissel van die “New Age” denkwysse tot Rooms-Katolieke, tot hiper-emosionele “charismatiese” groepe. Hoewel almal die term “Jesus” in hul aanbidding gebruik, het hulle dikwels 'n *heeltemal verskillende* begrip van waarvoor Jesus eintlik *gestaan* en wat Hy *onderrig* het. Op 'n manier aanbid elke persoon 'n “ander” Jesus.

Elkeen verkondig 'n “ander evangelie”. Elkeen sal dikwels menslike tradisies en idees navolg eerder as die duidelike leerstellings van die Almagtige God in Sy geïnspireerde Woord.

Jesus verwys na hierdie situasie toe Hy die Fariseërs vermaan vir hul beklemtoning van *menslike tradisies* in teenstelling met die Wet van God. Ter beskrywing van hoe hul tradisies veroorsaak dat hulle *nie* hul vader en moeder eer nie, sê Jesus: “So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering. Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar **tevergeefs** vereer hulle **My** deur leringe te leer wat gebooie van mense is” (Mattheus 15:6-9).

Die meeste van die Fariseërs het vroom voorgekom. Hulle het *gedink* dat hulle die God van die Ou Testament aanbid – wat eintlik toe in die menslike vlees reg voor hulle as Jesus Christus, die “Woord”, gestaan het. Hulle het Hom egter “tevergeefs” aanbid, omdat hulle “leringe” en “gebooie van mense” navolg. Daarom is dit dus moontlik, volgens Jesus Christus Self, om Hom *tevergeefs* te aanbid.

Opregtheid is NIE genoeg nie

Sommige mense sal beswaar

maak: "Maar gaan alle 'opregte' Christene nie dieselfde geleentheid op die ewige lewe hê nie?" Wat sê die Christus van u Bybel in werklikheid?: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. *Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!*" (Mattheus 7:21-23).

Let daarop dat sommige mense wat Jesus hul "Here" noem, **nie** toegang tot die Koninkryk van God verleen sal word nie, omdat hulle – weens misleiding of verleiding – "wetteloosheid" beoefen! Baie mense is mislei om net op die *Persoon* van Jesus Christus te fokus en **nie** op die begrip van wat Hy eintlik onderrig het nie, naamlik op *gehoorsaamheid* aan die **wette van God**, soos Hy gereeld alle Christene gebied het om te doen!

Glo my, vriende, *ek verstaan!* Ek het in 'n toonaangewende Protestantse kerk grootgeword en was leier van my Sondagskoolklas. Ek het gereeld op Sondag kerk toe gegaan, Kersfees en Paasfees gevier en die "familiebande" geniet wat met elk van hierdie praktyke gepaard gaan.

Jare later het ek egter begin verstaan dat die Bybel duidelik *bedoel wat dit sê* oor die "duiwel

en Satan, wat die hele wêreld **verlei** [mislei]" (Openbaring 12:9). Ek het gelees dat die apostel Paulus die Korintiërs waarsku: "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in *wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het*, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korintiërs 4:3-4).

Na diepe nabetragting en ure van gebed en Bybelstudie, het ek begin verstaan – uit die *h o n d e r d e d u i d e l i k e* Skrifgedeeltes in die Bybel – *dat ek mislei is!*

Dui hierdie teksverse aan dat wanneer die "hele wêreld" mislei is, dit "almal behalwe u" beteken? Het Satan op slinkse wyse tallose miljoene mense mislei – maar op 'n manier *u en u familie* uit hierdie grootskaalse misleiding uitgesluit?

Dink asseblief na hieroor!

Dit is opmerklik dat talle kenners *erken* dat die algemene "Christendom" vandag heeltemal afgedwaal het van die fundamentele leringe van Jesus Christus en die vroeë Apostels – en 'n *heeltemal verskillende lewenswyse* daargestel het wat hulle steeds "Christelik" noem. Bekende geleerdes en leidende Christengeskiedkundiges erken die diepliggende verandering wat plaasgevind het. Let op die volgende treffende vertaalde aanhaling uit *The Decline and Fall of the Roman Empire* – wat lank reeds erken word as 'n

gesaghebbende werk oor hierdie tydperk. Edward Gibbon skryf: "Die eerste vyftien biskoppe van Jerusalem was almal besnede Jode en die gemeentes waaroor hulle aangestel is, het die wette van Moses met die leerstellings van Christus vereenselwig" (volume 1, bl. 389). Dit is waarlik 'n *merkwaardige* stelling! Dit is 'n duidelike bewys oor *baie* geslagte heen dat die Apostels en ander Christenleiers – *deur die lewende Jesus Christus* (Mattheus 28:20) – gelei is om voort te gaan om *die wette van God te onderhou* en dit as 'n *lewenswyse* te beklemtoon.

Gibbon gaan voort: "Vir 'n kerk wat 40 dae na Christus se dood gevestig is en daarna vir ongeveer 40 jaar onder die toesig van God se apostel was, is dit net 'n natuurlike uitvloeisel dat die oorspronklike tradisies van die Kerk as die standaard beskou is. Die afgeleë gemeentes het hul dikwels op *die gesag van hul eerbiedwaardige Moederkerk* beroep en het haar laste verlig deur bydraes te maak met aalmoese" (Gibbon, bl. 389). Weereens toon Gibbon dat die Kerk van God in Jerusalem tydens die vroeë Christendom vir 'n paar geslagte die Moederkerk was en na opgesien is vir die "standaard" van die kerkleer.

Die vroeë Christene het **nie** na Rome nie, maar na *Jerusalem* opgesien vir die leierskap!

Indien ons eerlik is, moet ons onself afvra aan *wie* die gesag

gegee is om die leringe van Christus en die oorspronklike Apostels te **verander** wat deur God se Gees gelei is om ware Christene in hierdie lewenswyse te onderrig?

HOË die afvalligheid begin het

Gibbon merk op: “Die Joodse bekeerlinge, of Nasareners, soos hulle later genoem is en wat die fundamente van die Kerk gelê het, was spoedig oorweldig deur die toenemende menigtes van die verskeie godsdienste wat veelgodery beoefen het en wat ook nou onder die vaandel van Christus opgetree het” (*ibid.*) Gibbon verduidelik dat namate hierdie politeïstiese heidene die naam “Christendom” oorgeneem het, dit op 'n manier verander en *heeltemal verwyder* is van die grondslag wat Christus en die oorspronklike Apostels gelê het!

In sy wyd gepubliseerde en hoogs gerespekteerde handleiding oor kerkgeskiedenis, sê Jesse Lyman Hurlbut: “Vir vyftig jaar na Paulus se lewe is daar 'n sluier oor die Kerk getrek waardeur ons tevergeefs strewende om insig te bekom; en uit die geskryfte van die vroegste kerkvaders in ±120 n.C. toe die Kerk uiteindelik weer “verskyn”, vind ons 'n kerk wat in menige aspekte **hemelsbreed verskil** van die Kerk in die dae van Petrus en Paulus” (*Story of the Christian Church*, bl. 41).

Die belydende Christenkerk – onder leiding van die vroeë “Katolieke Vaders” gedurende die Middeleeue het baie verskil, omdat dit die basiese leringe van

Jesus en die oorspronklike Apostels heeltemal versak het. Dit versak die duidelike klem vir *gehoorsaamheid* aan die Tien Gebooe as *lewenswyse*. Toe verskyn die Protestante hervormers op die toneel en volg, moontlik onwetend, dieselfde benadering van versaking van die **gesag** van die Tien Gebooe in ons Christenlewens. Geskiedenis toon dat grootskaalse antisemitisme voorgekom het en dat dieselfde wette wat deur God se hand gegee is, as “Joods” beskou en “onnodig” is vir Christene om na te volg.

Met hierdie perspektief in gedagte, let noukeurig op een van die basiese Skrifgedeeltes van die hele Bybel in die “Bergpredikasie”. Jesus sê: “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooe breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele” (Mattheus 5:17-19). Selfs die “minste” van die gebooe moet – volgens *Jesus Christus* – gehoorsaam word vir iemand om as groot *in God se oë* beskou te word.

Dit is duidelik dat Jesus hier

van die Tien Gebooe praat, want in die res van hierdie Skrifgedeeltes bespreek Jesus die groot geestelike Wet van God, die Tien Gebooe. Hy verwys na moord – wat in die sesde gebod verbied word. Dan bespreek Hy “haat” wat dikwels tot moord lei. In verse 27-28 verwys Jesus regstreeks na die sewende gebod: “Jy mag nie egbreek nie”. In verse 28-32 beskryf Hy hoe Christene moet vermy om selfs die *gees* van die wet te verbreek deur met wellus na iemand te kyk.

Indien ons die *Bybel toelaat om homself te vertolk*, is dit duidelik dat Jesus Christus die Tien Gebooe *selfs meer bindend* maak op die Nuwe-Testamentiese Christene as wat dit in die verlede was. Christene moet hul lewens ten volle aan Christus oorgee, sodat Hy *in ons kan leef* deur die krag van die Heilige Gees (Galasiërs 2:20). Toe 'n jongman Jesus vra: “Watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?” antwoord Jesus: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, **onderhou die gebooe**” (Mattheus 19:16-17). Daarna noem Jesus sommige van die Tien Gebooe!

In teenstelling met die teologiese argumente en verdraaide redenasies van so baie Bybelkommentators, verwys Jesus **nie** na die “seremoniële” of “rituele” wette van Moses nie! Hy sê dat Sy ware volgelingen die groot *geestelike* Wet van God, die Tien Gebooe, moet gehoorsaam. **Dit** was die Wet –

die **enigste** Wet – wat God in Sy eie stem van die berg Sinaï af gegee het: “Met hierdie woorde het die HERE julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die wolkedonkerheid met 'n groot stem toegespreek, en **niks meer nie**; en Hy het dit op twee kliptafels geskrywe en dit aan my gegee” (Deuteronomium 5:22).

God het selfs opdrag gegee dat hierdie kliptafels in die verbondsark geplaas moes word, in die “Allerheiligste” wat Sy verheerlikte troon in die hemel verteenwoordig. *Geen ander wet* of onderwysing is in so 'n heilige lig beskou nie! Die Tien Gebooie is **nie** blote “sedewette”, soos sommige misleide kenners verkondig nie. Dit is die regstreekse, “handgeskrewe”, **geestelike** Wet van die groot Skepper van die hemel en die aarde! **Waarom** dring so baie belydende Christenleraars en skrywers daarop aan dat dit op 'n manier mee “weggedoen” is en nie meer nodig is nie?

Die oorspronklike Christenskap van Christus

Indien u 'n kykie sou kry op die aanbidding en doen en late van Christus self en die oorspronklike Christenkerk, sou u 'n groep toegewyde mense vind wat *werklik* probeer het om Jesus se onderwysing na te volg: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Pleks daarvan om die “Dag van die Son” te onderhou sou

Jesus en Sy volgelinge die ware Sabbat onderhou wat God vir die hele mensdom gegee het, want hierdie dag dui op God as die **Skepper** en onderskei Hom op hierdie wyse van al die “gode” wat mense oor die eeue vorendag mee gekom het. Jesus en Sy volgelinge het die *Bybelse* Heilige Dae wat op God se groot **Plan** dui onderhou en doen dit steeds. Hierdie dae is deurlopend onderhou, nie net deur Christus nie, maar ook deur *al* die Apostels. Ons vind verwysings hierna in Jesus se onderhouding van die Loofhuttefees (Johannes 7:1-14) en Sy onderhouding van die Pasga (Markus 14:14). Onthou dat die Heilige Gees aan die vroeë Christene gegee is op een van God se Heilige Dae, naamlik Pinkster (Handelinge 2), 'n dag wat die Christenkerk en die apostel Paulus self gereeld onderhou het (Handelinge 20:16; 1 Korintiërs 16:8).

Dit is duidelik dat die vroeë Christene almal hul lewens gebaseer het op die groot geestelike **Wet** van God, naamlik – die Tien Gebooie. Hulle het probeer om “*van elke woord van God*” te leef. Hulle het **nie** net sentimenteel oor Jesus Christus as Persoon gepraat nie; hulle het ook Sy boodskap *eerbiedig*. Wanneer hulle van “die Here Jesus Christus” gepraat het, erken hulle dat die woord “Here” “Baas” beteken – die Een wat jy moet *gehoorsaam*! Jesus herinner hulle aan hierdie noodsaaklike *verhouding* in baie Skrifgedeeltes, insluitend Lukas

6:46: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen **nie** wat Ek sê nie?”

Ter uitbreiding van God se wet in die Bergpredikasie, sê Jesus: “Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk” (Mattheus 5:32). Vandag skei miljoene belydende Christen paartjies egter *om bykans enige rede*! Miljoene kerkgangers vertel gereeld leuens, is skelm, pleeg egbreuk en is hedonisme, geweld, wellus en die aanvaarding van bykans elke perverse vorm van gedrag bekend aan die mens 'n integrale deel van ons moderne samelewing!

Die apostel Paulus is geïnspireer om ons te waarsku: “Of weet julle nie dat die onregverdige die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie” (1 Korintiërs 6:9-10).

Die ware Christenskap van Christus is 'n **lewenswyse**! Dit bestaan uit 'n mens se **volle oorgawe** aan God, om die Jesus Christus van die Bybel as Verlosser en **Meester** te aanvaar – en om jouself oor te gee aan Hom om Sy lewe in ons te **leef** deur die krag van die Heilige Gees. God se Woord sê immers: “*Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in*

ewigheid" (Hebreërs 13:8). So sal Jesus vandag in ons **dieselfde** soort gehoorsame lewe leef wat Hy bykans 2,000 jaar gelede in die menslike vlees geleef het.

Die apostel Paulus sê dan ook: "Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar *Christus leef in my*. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:20). Die ware Christus van die Bybel sal in ons **leef**, *mits* ons ons oorgee en Hom aanvaar as beide Verlosser en Heer. Dan is dit nie die fisiese persoon wat God se gebooe deur sy eie krag onderhou nie; dit is die *lewende Jesus Christus* in ons! Daarom sê Paulus: "Ek is tot *alles* in staat deur Christus wat my krag gee" (Filippense 4:13).

Die Wederkoms van die Christus van die Bybel as Koning sal moontlik nog in *hierdie geslag* plaasvind (Openbaring 11:15). Sy ware Heiliges word so beskryf: "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat **die gebooe van God** en die geloof in Jesus **bewaar**" (Openbaring 14:12).

Omdat hulle waarlik *gehoorsam* was aan God se wette, sal hierdie "oorwinnaars" by Christus aansluit in **heerskappy** oor die nasies *hier op aarde* (Openbaring 5:10). Daarom lees ons in God se Woord: "En aan die **einde van die dae** sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die

top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. *Want uit Sion sal die wet uitgaan* en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:2-4).

In hierdie regering van God op aarde, wat binnekort gevestig sal word, sal daar geen gerede kavel en *argumente* wees of ons God se ewige, geestelike Wet, die Tien Gebooe, moet gehoorsam al dan nie. Die Tien Gebooe sal die basis van die ganse kultuur en lewenswyse vorm. Daar sal *geen oorlog meer* wees nie. Die samelewing sal van pornografie, perversie en onwettige dwelms wegstroom. Armoede en siekte sal bykans verdwyn. Daar sal bykans geen egskeiding wees nie, want amper almal sal *ware* ontsag vir God hê en Hom in alle fasette van hul lewens eer. Daar sal 'n uitwaartse, stralende **geluk** en voortdurende innerlike *vrede* wees, verhewe bo enigiets wat mense ooit ervaar het.

Die sluier van geestelike **blindheid** sal uiteindelik van alle mense en alle volke

weggestroop word: "En Hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide **sluier** wat al die volke omsluit, en die **omhulsel** waarmee al die nasies bedek is. Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die smaad van sy volk van die hele aarde af wegneem; want die HERE het dit gespreek" (Jesaja 25:7-8).

Dit, is die Christenskap wat die ware Jesus Christus die mense sal leer en in die praktyk op die aarde sal toepas wanneer Hy as Koning van konings terugkeer. Sal u nou begin om **hierdie** Jesus Christus te soek en te gehoorsam – die Jesus Christus van u Bybel?

U het nou die geleentheid om uself voor te berei om 'n "pionier" te wees – 'n onderwyser en leier onder Christus in Sy eerskomende Koninkryk. U moet uself egter waarlik **oorgee** om Hom Sy heilige en gehoorsame lewe deur die Heilige Gees in u te laat leef. U moet waarlik Sy Woord **bestudeer** en daarop "voed" met hernude bewustheid van wat dit alles behels. U moet voortdurend tot God *bid* en vra vir geestelike krag en leiding wat u sal nodig hê. Dan moet u "**toeneem** in genade en kennis" en die Vader en Jesus Christus toelaat om hul *goddelike natuur* in u te plaas, sodat u vir ewig saam met hulle kan leef en regeer.

Mag God gee dat u die *begrip* en *moed* ontvang om presies dit te doen. §

Die Wêreld na die Derde Wêreldoorlog

Deur Richard F. Ames

Die mensdom is voortdurend besig om wapens van massa vernietiging uit te vind en te vervaardig. Die wapens van die Eerste Wêreldoorlog dood 10 miljoen mense. Die wapens van die Tweede Wêreldoorlog dood 55 miljoen. Sal die mensdom die Derde Wêreldoorlog kan oorleef, of sal hulle na Steentydperk toestande verval? Bybelprofesieë onthul 'n hoopvolle antwoord!

Ons in die Westerse wêreld betuig dat ons waarde heg aan die lewe van elke individu. Wanneer ons egter die geskiedenis van die mensdom in oorsig neem, tel ons die miljoene gesneuwelde soldate en burgerlikes in die nimmereindigende siklus van toenemende oorlog. Besef ons die aantal ongevallen wat nasies op mekaar en aan hulself toegedien het? Die Amerikaanse Vryheidsoorlog het meer as 630,000 sterftes tot gevolg gehad. Die Eerste Wêreldoorlog het 10 miljoen en die Tweede Wêreldoorlog 55 miljoen mense gedood. Die Iran-Irak oorlog het bykans 1 miljoen ongevallen veroorsaak. Die mens se onmenslikheid teenoor sy medemens bevlek ons geskiedenis met volksmoord. Miljoene mense het gesterf tydens die Groot Slagting van die Tweede Wêreldoorlog, onder die Khmer Rouge in Kambodja en as slagoffers van gruweldade in Rwanda, Bosnië en Kosovo, om maar 'n paar te noem.

Bybelprofesie onthul duidelik dat alle nasies uiteindelik in die

Derde Wêreldoorlog sal veg. Daardie oorlog sou tot totale uitwissing van alles kon lei – die dood van almal en alles op aarde – tensy God tussenbeide tree. Die aarde en lewe daarop sal skaars die Derde Wêreldoorlog oorleef, maar God sal tussenbeide tree.

Hoe sal die aarde daarna daar uitsien? Ons moet weet van die goeie nuus anderkant die slegte. 'n Nuwe wêreld is aan die kom: die *wêreld van môre*. Hoe sal dit daaruit sien? Hoe sal die toekoms na die Derde Wêreldoorlog lyk? Die Bybel openbaar dat u hoop kan hê anderkant die traumatiese gebeure wat nog voorlê. U kan deel hê in die wonderlike wêreld van môre, vol vrede, oorfloed en God se liefde.

In die tussentyd moet ons egter die werklikheid van lewensgevaarlike tye wat voorlê trotseer. Sal u voorbereid wees op die toekoms? U kan wees, indien u die God van die Bybel soek en Sy weë leer ken. Soos u dit doen, is u besig met voorbereiding vir die komende tydperk van vrede, deur nou 'n voorsmaak van daardie vrede in

U eie lewe te bring, selfs terwyl die wêreld om u na die rand van ramspoed beweeg.

'n Tydperk van totale uitwissing

Die kerntydperk het gedurende die Tweede Wêreldoorlog begin. Op 6 en 9 Augustus 1945 het die Verenigde State die heel eerste atoombomme op Hiroshima en Nagasaki in Japan laat val. Die tydperk van potensiële oombliklike, wêreldwye massa vernietiging het begin.

Het die gevaar van kernoorlog afgeneem? Ons hoef slegs ons koerante te lees om te besef dat terroriste en skobbejak nasies steeds ons wêreld bedreig. Voeg dan die bedreiging van die kernkrag nasies self daarby. U mag kennis dra van die "Oordeelsdag horlosie" wat deur die "*Bulletin of the Atomic Scientists*" gehou word. Dit weerspieël die gevare van die lewe tydens die kerneeu. Na jare sonder verandering, het die *Bulletin* in Junie 1998 die "minuutwyser" van sy horlosie vyf minute vorentoe geskuif tot slegs nege minute voor

middernag. *Dit was 'n sprong van 'n volle vyf minute!* Nog twee nasies het aangesluit by die “kernklub”: Indië en Pakistan, wat deur die *Bulletin* bestempel word as 'n “mislukking van wêreld diplomatie in kernkringe”.

Toe, in Februarie 2002, het die *Bulletin* die horlosie se minuutwyser van nege tot sewe minute voor middernag aangeskuif. Hulle berig: “Sedert die einde van die Koue Oorlog in 1991, is dit die derde keer dat die wyser vorentoe geskuif word”.

Die *Bulletin* waarsku van “steurende neigings: Meer as 31,000 kernwapens word steeds deur die agt bekende kernmoonthede onderhou, 'n afname van slegs 3,000 sedert 1998. Vyf en negentig persent van hierdie wapens is in die Verenigde State en Rusland en meer as 16,000 is operasioneel ontplooi. Selfs al voltooi die Verenigde State en Rusland hul onlangs aangekondigde wapenvermindering oor die volgende tien jaar, sal hulle steeds duisende kernwapens op mekaar gerig hou” (*Bulletin of the Atomic Scientists*, 27 Februarie 2002).

Wêreldoorlog is aan die kom

Die finale oorlog lê steeds voor ons. Ons het twee wêreldoorloë in die 20ste eeu deurgemaak en die Derde Wêreldoorlog doem op in die 21ste eeu. Die volgende oorlog sal rampspoedig wees. Die groot wetenskaplike Albert Einstein het eenkeer gesê: “Ek weet nie met watter soort

wapens die Derde Wêreldoorlog gevoer sal word nie, maar die Vierde Wêreldoorlog sal met stokke en klippe gevoer word”.

Die geskiedenis dokumenteer die bese natuur van mense en hul kranksinnige vernielsug in oorlog na oorlog. Waartoe sal dit alles lei? Jesus van Nasaret, wat sal terugkeer om die wêreld van homself te red, verklaar hierdie ontsagwekkende werklikheid: “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Mattheus 24:21-22).

Hier is die Verlosser se waarborg dat lewe op Aarde nie tydens die Derde Wêreldoorlog sal eindig nie. Baie jare gelede, gedurende die Koue Oorlog, was ek persoonlik bekommerd oor die einde van die wêreld. Al wat ek op die horison kon sien was 'n totale oorlogsbrand wat die aarde as 'n verbrande oorblyfsel sou laat. Die goeie nuus is dat Jesus Christus sal terugkeer om te keer dat die Derde Wêreldoorlog totale uitwissing tot gevolg sal hê. Soos Hy sê: “ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word”. Daardie nuus behoort gerusstellend te wees, maar ons behoort te weet wat voorlê, sodat ons die toekomst met geloof en dapperheid kan trotseer.

Watter gebeure lei tot die

Wederkoms van Jesus Christus? Die boek Openbaring beskryf die beproewings wat deur die bekende Vier Ruiters en hulle tog veroorsaak word. Oorlog en hongersnood sal direk 'n kwart van die aarde vernietig, soos dit ons in Openbaring 6:7-8 vertel. Die apostel Johannes gebruik eerste eeuse taal om een-en-twintigste eeuse oorlogvoering te beskryf. Byvoorbeeld, in die laaste fase van die Derde Wêreldoorlog, gedurende die plaag van die sesde basuin, beskryf Johannes 'n enorme leër wat vanuit die weste binneval oor die Eufraatrivier, wat vanaf Turkye deur Sirië en Irak na die Persiese Golf vloei. Johannes skryf: “En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat. Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor” (Openbaring 9:13-16).

Johannes sien 'n gesig van 'n enorme inval weswaarts oor die Eufraatrivier. Wat sal hierdie leër aan die bevolking van die aarde doen? Dit sal 'n derde van die mensdom uitwis. Ten minste tweebiljoen mense sal tydens hierdie fase van die Derde Wêreldoorlog sterf. Indien ons

hierdie onheil wil vryspring, moet ons *nou* wakker word! Ons moet God soek vir lewe, beskerming en *saligheid*.

Indien die Westerse nasies nie wegdraai van hul wettelose en teen-Goddelike lewenswyse nie, sal God ons in 'n groot verdrukking straf. Gereelde lesers van hierdie tydskrif weet dat die Amerikaans en Britse nasate deel uitmaak van die afstammeling van die Huis van Israel. Ons is die afstammeling van die stamvader Jakob, wie se naam verander was na Israel. Jeremia se profesie verwys regstreeks na die Westerse nasies: "Wee, want die dag is groot, **sonder weerga!** [Hierdie is 'n *ongeëwenaarde* tydperk in mensegeskiedenis]. En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word" (Jeremia 30:7). God sal die Westerse nasies straf tydens die Derde Wêreldoorlog indien hulle hulself nie bekeer nie! Bybelprofesie dui aan dat slegs 'n klein persentasie mense sal oorleef, maar God *sal* die oorblyfsel van die Westerse nasies red.

Ons kan God dank dat Jesus Christus sal terugkeer om die aarde te red en Sy Koninkryk te vestig. Die aarde na die Derde Wêreldoorlog sal natuurkundig en geestelik vernuwe word. Daar is hoop vir die toekoms. Daar is 'n nuwe wêreld aan die kom!

Ons leef in 'n gevaarlike wêreld. Die mens se natuur en oorlogvoerende nasies sal hierdie gevare laat toeneem tot en met die Derde Wêreldoorlog.

Bybelprofesie onthul dat 'n leër van 200 miljoen van oos van die Eufraat 'n derde van alle mense sal dood tydens hierdie oorlog. Tensy die mensdom homself bekeer van die rebellie teen God en Sy weë, sal ons die grootste verdrukking wat die wêreld ooit gesienhetbeleef!

U kan ook lees van die ekologiese verwoesting wat plaasvind gedurende die Dag van die Here. Die eerste vier basuinplae beïnvloed die omgewing: "En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereedgemaak om te blaas. En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand. En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan. En die derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine. En die naam van die ster word genoem Alsem; en 'n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het. En die vierde engel het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde

deel nie lig sou gee nie, en die nag net so" (Openbaring 8:6-12). Die omgewing sal verwoes wees. Die vyfde en sesde basuine onthul militêre optrede en gebeure wat lei tot die Wederkoms van Christus.

Christus se Wederkoms bring vrede

Ten einde laaste, kondig die sewende basuin, die nuus aan wat alle nasies benodig. Die Koninkryk van God sal blywende vrede op aarde meebring. "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Hierdie is die goeie nuus waarvoor ons almal bid! Wêreldse, oproerige nasies sal dit egter nie as goeie nuus ag nie. Ongelooflik soos dit blyk te wees, sal hulle teen Christus veg met Sy Wederkoms. Soos die Skrif sê: "Die nasies was vertoornd" met Sy Wederkoms (vers 18). Openbaring 19 gaan voort om die oorlog en die uiteinde daarvan te beskryf. Die nasies sal agterkom dat hulle nie teen die Aanvoerder van die Hemelse leërs, Jesus Christus, kan wen nie.

Wat gebeur volgende? Almal op die aarde sal die Wederkoms van Christus sien: "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen" (Openbaring

1:7). Die meeste mense wat die Derde Wêreldoorlog oorleef sal besef dat die weë van die mens tot die dood lei (Spreuke 14:12; 16:25 verwys). Hulle sal tot inkeer kom en God se liefde vir hulle begin verstaan. Hulle sal besef dat die kruisiging en die gestorte bloed van Jesus Christus vir hul sondes sal betaal. Hulle sal ontvanklik wees en 'n nuwe leefwyse aanleer.

Daar sal 'n tweede Eksodus wees. Gevange oorlewendes van die Westerse nasies sal 'n nuwe lewe in 'n nuwe land begin. “Daarom kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat hulle nie meer sal sê: So waar as die HERE leef wat die kinders van Israel uit Egipteland laat optrek het nie, maar: So waar as die HERE leef wat die geslag van die huis van Israel laat optrek en laat kom het uit die Noordland en uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het. En hulle sal woon in hulle land” (Jeremia 23:7-8).

Oorlewendes sal, verneder deur die Derde Wêreldoorlog, hulle tot God keer en Sy seëninge en weë aanvaar: “En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal

maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees” (Eségiël 36:24-28).

Hierdie is die tyd wanneer al die verrese en onsterflike heiliges saam met Christus sal regeer. Koning Dawid, 'n man na God se eie hart, sal regeerder en herder wees oor hierdie terugkerende vlugteling. Onthou dat die groot verdrukking die tyd van Jakob se benoudheid, of Israel se swaarkry, is. Wat gaan dan gebeur? “En op dié dag, spreek die HERE van die leërske, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie. Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek” (Jeremia 30:8-9).

Ja, die Koninkryk van God sal op hierdie aarde regeer. “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:9-10).

Die onsterflike heiliges sal konings en priesters wees wat regeer oor nasies en stede. Hulle sal die nasies God se lewenswyse leer. Die komende wêreldheersende Koninkryk van God sal alle nasies op aarde

regeer. Die profeet Jesaja verkondig daardie komende regering onder die Messias: “Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vrededor – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërske sal dit doen” (Jesaja 9:5-6).

Die verwoeste stede sal herbou word. Die vervalde plase sal herleef. “En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees. En Ek sal julle verlos van al jul onreinhede; en Ek sal roep na die koring en dit vermenigvuldig, en Ek sal geen hongersnood op julle lê nie. En Ek sal die vrugte van die bome en die opbrings van die veld vermenigvuldig, sodat julle die smaad van hongersnood nie meer hoef te verdra onder die nasies nie” (Eségiël 36:28-30).

'n Pragtige nuwe wêreld

Die glorieryke Koninkryk van God op aarde sal ongekende prag en vrugbaarheid teweeg bring. Ons kan 'n blik op God se grootheid en 'n voorsmaak van die wêreld van môre kry in die skepping om ons. God het die aarde geseën met ontsaglike, majestueuse berge, vrugbare valleie, en vrugbare vlaktes. Ons

verwonder ons aan die glorieryke mere en die kolkende oseane. Ons waardeer die verskeidenheid blomme, plantlewe, voëls, diere en seelewe. In die wêreld van môre, sal selfs die diere se natuur verander. Jesaja gee ons hierdie milleniaanse gesig: “Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek” (Jesaja 11:6-9).

God het die mens geskape vir 'n wonderlike doel: om vir ewig deel te wees van Sy goddelike familie. Hy het ons in Sy ewebeeld geskape en Hy het aan die mens die vermoë en vryheid gegee om te kies tussen goed en kwaad. Relatief min mense in die geskiedenis het die weg na die lewe gevind, wat so vrylik deur God aangebied word deur Sy seun, Jesus Christus. Die mensdom het oor die algemeen sy eie weg gevolg, met alle regeringsvorme, geloof, filosofie, onderwys, vermaak, wetenskap, besigheid en handel geëksperimenteer. Waarheen lei dit alles? Na die Derde

Wêreldoorlog!

Die Skeppergod het egter 'n plan om die mensdom te red en daardie plan sluit 'n nuwe wêreld, die wêreld van môre, in. Jesus Christus, die Prins van Vrede, sal alle nasies op aarde regeer en volke die weg na blywende vrede leer. Die oorlogswapentuig sal in instrumente van vrede verander word. Alle nasies sal na die nuwe wêreld hoofstad, Jerusalem kom. Hulle sal die ware God aanbid en leer dat die wette van God – Die Tien Gebooie – almal in God se weg van geregtigheid onderrig. “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Jesaja 2:2-3). Dit is die wêreld waarna ons uitsien. Na die verwoesting van die Derde Wêreldoorlog sal baie mense nederig en ontvanklik wees. Die Koning van konings sal liefdevolle gesag uitoefen om wêreldwyd vrede en voorspoed te verseker. Jesaja gaan voort: “En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard

ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (vers 4).

Terroriste sal nie meer doodmaak en verwoes nie. Stamme en nasies sal nie meer teen mekaar veg nie. Die mens se natuur – die basiese oorsaak van oorlog – sal verander word. Mense sal die weg van die lewe, soos in die Bybel uiteengesit, leer. Jesus sê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Mattheus 4:4; Lukas 4:4). Ons moet daardie lewensweg leer! Diegene wat hulself bekeer en gedoop word en Jesus Christus sodoende toelaat om in hulle te leef deur die gawe van die Heilige Gees, sal help om die verwoeste wêreld te heronderrig. Vandag se ware Christene sal leraars wees in die wêreld van môre: “Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie – maar jou oë sal jou leraars sien; en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan” (Jesaja 30:20-21).

Ware Christene leer *nou* daardie lewensweg. Ons is geroep om vredemakers te wees, om die lig van die wêreld en die sout van die aarde te wees, soos Jesus in Mattheus 5 geleer het. Dit is die weg van liefde, mededeelzaamheid, vrygewigheid, behulpsaamheid en diensbaarheid. Hoewel die

Profesieë in Vervulling: Europa en die Vatikaanse Agenda

Deur Douglas S. Winnail

Merkwaardige ontwikkelings in Europa mag binnekort 'n hoogtepunt bereik in een van die deurslaggewendste gebeure in die geskiedenis van die vasteland. Bybelprofesie wys duidelik dat 'n politieke-ekonomiese-militêre mag wat geïdentifiseer word deur 'n herlewing van die geskiedkundige Romeinse Ryk net voor Jesus Christus se Wederkoms, te voorskyn gaan kom op die Europese vasteland (sien Openbaring 17-18). Die Skrif wys dat hierdie dieragtige wese saamgestel sal wees uit tien nasies of groepe nasies en *deur 'n vrou gery* sal word – in profetiese terme dui dit op 'n godsdienstige organisasie of kerk. Pogings om Europa te herenig pas al hoe meer by hierdie beskrywing van die Bybelse eintyd-dier. Die Vatikaan en sy langtermyn agenda het ook 'n onmiskenbare ooreenkoms met die vrou wat die dier ry.

Die Rooms-Katolieke Kerk het 'n lang geskiedenis van intieme betrokkenheid by Europa se politieke en godsdienstige sake. In die 4de eeu n.C. het Keiser Konstantyn met Sylvester, biskop van Rome, ooreengekom om die

invloed van die Kerk te koppel met die mag van Keiserlike Rome. Eeue later is 'n pous, Karel die Grote, as die eerste “Heilige Romeinse Keiser” gekroon. Pouse het voortgegaan om die Keiserlike kroon toe te ken toe die Ryk herlewe het onder Otto die Grote (koning van die Duitsers) en het 'n hoogtepunt bereik onder Charles V van die Hapsburg vorstehuis. Die pousdom het ook ooreenkomste gesluit met Mussolini en Hitler. Dit was deel van 'n welbegrepe agenda. Deur die eeue heen het die Kerk aanspraakmakers op die Keiserlike titel se aansprake eg verklaar en sodoende geleenthede verkry om sy invloed en beheer oor die Ryk uit te brei.

Hierdie eeue-oue agenda het nie gesterf met die laaste aanspraakmaker tot die Keiserlike titel nie. Pous Pius die 12de het in 1945 probeer om hierdie wedersyds voordelige verhouding te herstel deur 'n nuwe (oorheersend Katolieke) land tot stand te bring bestaande uit Oostenryk en dele van Duitsland onder die leierskap van Dr. Otto von Hapsburg, die erfgenaam van die Oostenrykse troon. Hoewel hierdie droom nie

gerealiseer het nie, het die pousdom die moontlikhede gesien in 'n verenigde Europa waar baie lande se bevolking 80 tot 90 persent Rooms-Katoliek is. Pous Johannes die 23ste het veertig jaar gelede voorspel dat die nuwe Europa “die grootste Katolieke supermoonheid sal word wat die wêreld nog ooit geken het” en “die grootste enkele menslike weermag wat die mensdom nog ooit gesien het”. Hierdie is een van die hoofredes waarom die Vatikaan die vereniging van Europa so *aktief* bevorder het.

Pous Johannes die 23ste het die Rooms-Katolieke aangespoor om “in die voorste linies” te wees in 'n poging om Europa te verenig. Baie van die “stigters” van die nuwe Europa was toegewyde Katolieke, net soos baie van hul leidende voorstanders vandag is. Selfs die pers het “die idee van 'n verenigde Europa as 'n hoofsaaklik Katolieke begrip” beskryf (*The Financial Times*, 22 Mei 1995). Dit was egter Pous Johannes Paulus die 2de wat hierdie belangrike Vatikaanse agenda vir 'n kwart eeu bevorder het. Hy het bykans 700 toesprake gelewer rakende Europa en het Europeërs

herhaaldelik aangespoor om hul “wortels te ontdek” namate hulle hul “gesamentlike Europese huis” bou. Hierdie *wortels* gaan terug tot die aliansie tussen die Katolieke Kerk en die Heilige Romeinse Ryk wat Europa vir meer as 'n duisend jaar regeer het. Johannes Paulus die 2de het gewaarsku dat donker wolke oor 'n vasteland hang wat toegee aan onbeteulde verwêreldliking en dat Europa sy identiteit kon verloor en dat sy eenheid “binne 'n dekade in duie kon stort” as dit nie sy Katoliek Christelike afkoms erken nie (sien *The Economist*, 24 Augustus 2002).

Die omvang van die Vatikaanse agenda word geopenbaar deur die pogings om 'n Europese grondwet daar te stel vir die ontluikende *supermoontheid*. Godsdiensgroepes was nie uitgenooi na die Europese grondwetlike kongres nie, omdat wêreldse kragte kerk en staat wil skei. Dit het egter nie die Vatikaan verhinder om die uitkoms te probeer beïnvloed nie. Pous Johannes Paulus die 2de het in 'n private oudiënsie met Valery Giscard d'Estang, president van die kongres, hom aangespoor om nie die godsdienstige “sement” te vergeet wat Europa lank bymekaar gehou het nie. Johannes Paulus die 2de het ambassadeurs aan die Vatikaan herhaaldelik daaraan herinner dat 'n Europese grondwet die rol wat Katolisisme in die Europese geskiedenis gespeel het, moet

erken. Toe 'n vroeë konsep nagelaat het om God, godsdiens, Christelikheid of die rol van die kerk te noem, het die Vatikaan die dokument afgemaak as “totaal onvoldoende” (*Londen Daily Telegraph*, 2 Februarie 2003). Gevolglik het die Vatikaan “die Katolieke Kerk se mees ambisieuse planne” ontsluit om te verseker dat die nuwe grondwet nie slegs 'n verwysing na God bevat nie, maar ook die wetlike status van kerke waarborg en “die versekering van 'n amptelike dialoog met Europese instellings” (*euobserver.com*, 24 April 2003). Dit is net eenvoudig nie op die Vatikaanse agenda om uit die Nuwe Europa gelaat te word nie.

In 'n poging om sy gewig agter die strewe om Europa te verenig te gooi, het die Vatikaan aangekondig dat “die stigters van Europa” – Alcide De Gasperi van Italië, Robert Schuman van Frankryk en Konrad Adenauer van Duitsland – sowel as Charles die 1ste, die laaste Hapsburg Keiser van Oostenryk-Hongarye, op die weg geplaas is om as heiliges verklaar te word. Die Vatikaan, onder leiding van Pous Johannes Paulus die 2de, het openlik die ooswaartse uitbreiding van die Europese Unie en die toelating van 60 miljoen Rooms-Katolieke in Pole gesteun. Die Vatikaan se pogings om die 1,000 jaar oue breuk met die Oosterse Ortodokse Kerk te heel kon

miljoene “vervreemde” broers en susters terugbring na die omhelsing van die “moeder”-kerk. Hierdie is nie geïsoleerde gebeure nie, maar deel van 'n verreikende agenda om die invloed van die Katolieke Kerk in Europa en die wêreld te herstel. Sodoende word die gebiede wat afgestaan is tydens die “Groot Skeuring” van die 11de eeu, die Protestante Hervorming en die opkoms van die atëistiese kommunisme wat groot dele van Oos-Europa in die 20ste eeu verswelg het, herwin.

Die Vatikaan het lank reeds die belangrike rol raakgesien wat *die Vatikaan alleen* kan speel in die integrasie van Europa. In 1975 het Pous Paulus VI aangekondig: “Kan dit nie gesê word dat dit geloof is ... die Katolieke geloof wat Europa gemaak het nie? ... Geen ander menslike mag in Europa kan die diens lewer wat aan ons toevertrou is nie ... om Europa se Christelike siel te herontwaak, waar sy eenheid gewortel is” (*The Principality and Power of Europe*, Hilton, bl. 34-35). Die Vatikaan is egter nie sonder belangrike bondgenote nie. Dr. von Hapsburg, 'n lid van die Europese Parlement en hoof van die Pan-Europese Beweging, het opgemerk dat “die keiserlike kroon van Karel die Grote en van die Heilige Romeinse Ryk dalk wel moontlik 'n rol mag speel” in die uiteindelijke struktuur wat in Europa te voorskyn kom (*ibid.*, bl. 35). Die diepte van hierdie agenda word weerspieël in 'n

Leer om die Weg na Vrede toe te pas

Deur John H. Ogwyn

Met die naderende lentefeeste, is ons gedagtes behoorlik gevestig op die vinnig naderende tyd wat ons noem “die wêreld van môre” – 'n tyd wanneer die nasies nie meer oorlog sal voer of dit onderrig nie en mense vrede en veiligheid regoor die wêreld sal geniet. Gedurende hierdie seisoen van die jaar lees en hoor ons gereeld Skrifure wat die vredevolle en oorfloedige wêreld beskryf waaroor die Koninkryk van God sal heers.

Ons versuim egter dikwels om te stop en na te dink *hoe* hierdie wonderlike wêreld in werklikheid tot stand gaan kom. Sal die terugkerende Christus bloot Sy vingers klap waarna almal oombliklik sal begin om vreedsame gedagtes te koester, of sal mense regoor die wêreld heropgevoed moet word om te leer om anders met ander mense om te gaan? Sal dit nodig wees om mense noukeurig te leer om die praktiese toepassings te help verstaan ten einde mekaar werklik lief te hê?

Die profeet Jesaja vertel ons dat die wet van God uit Sion sal uitgaan in die toekomstige tyd van die Messias se koninkryk (Jes. 2:3). Die lees en uitleg van die wet was in die ou tyd geassosieer met die Huttefees (Deut. 31:9-11; Neh. 8:18). Terwyl baie beleidende

Christene glo dat Christus die wet van die Ou Testament *vervang het* met Nuwe-Testamentiese genade, het Jesus in werklikheid die wet *uitgebrei* en dit in sy volle geestelike bedoeling verduidelik. Baie mense sal geredelik erken dat Jesus Sy gehoor geleer het: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Matt. 19:19), maar sal redelik verbaas wees om te verneem dat Jesus dit gedoen het deur direk uit die Tora aan te haal (Lev. 19:18)!

Jesus se broer, Jakobus, het hierdie beginsel – om jou naaste lief te hê soos jouself – “die koninklike wet” genoem (Jak. 2:8). Hierdie beginsel ondersteun die weg na vrede wat in die wêreld van môre toegepas gaan word. Dit is baie meer as net 'n uitdrukking wat sag op die oor val. Dit het baie praktiese toepassings in 'n wye *verskeidenheid van menseverhoudings en probleme*. Spesifieke toepassings oor *hoe* om hierdie beginsel aan te wend word in Levitikus 19 uitgelig, waar ons direk beveel word om ons naaste lief te hê soos onself. Jesus het op hierdie Skrifure uitgebrei namate Hy vir ons die goeie nuus van God se komende Koninkryk gebring het. Hy het die belangrikheid beklemtoon dat Sy dissipels

hierdie beginsels in al hul aktiwiteite moet toepas. Dit maak beslis sin, want hoe kan ons die weg van vrede vir ander in die wêreld van môre leer as ons dit nie eers self leer nie?

Ons moet die weg van vrede in ons hedendaagse lewens toepas en uitsien daarna om dit aan ander te leer in die wêreld van môre. Laat ons meer noukeurig ondersoek wat die Bybel beskryf as die “weg van vrede”.

Die Oorsake van Oorlog

'n Vroeë leier in die Jerusalem Kerk, die apostel Jakobus, het een van die hoofoorsake van oorlog verduidelik. Oorlog kom van wellus en naywer, het hy gesê (Jak. 4:1-4). Die mensdom het 'n selfgesentreerde begeerte om te bekom en te besit. Mense kom agter dat iemand anders iets het wat hulle wil hê en begin planne beraam om dit self ook te bekom. Ons lees in Genesis 14 van 'n verbond van konings wat die antieke land Kanaän binnegeval en rykdom en gevangenes (insluitende Lot en sy familie) weggevoer het van die stede van die vlaktes. Begeerte na rykdom het regdeur die geskiedenis tot baie oorloë en konflikte gelei.

Wraak was ook 'n kragtige motief vir oorlog. Ou grieewe

word van geslag tot geslag vertroetel en aan toegegee wanneer die geleentheid hom voordoen. Die Skrif bestraf die nageslag van Edom omdat hulle 'n ewige wrok teenoor die kinders van Israel koester. Hulle is geken aan hul begeerte vir wraak en hul onwilligheid om ou haatgedagtes te laat vaar (Eseg. 35:5).

Misverstande wat nie behoorlik opgelos is nie, was nog 'n ander oorsaak van oorlogvoering en konflik. Josua 22 gee 'n voorbeeld van 'n misverstand wat amper tot oorlog gelei het. Ses jaar nadat die Israëliete die land binnegekom en die verowering van Kanaän voltooi was, is die stamme van Reuben, Gad en die halfstam van Manasse toegelaat om na hul plase en families terug te keer aan die Oostekant van die Jordaanrivier. Die nuus dat hulle 'n altaar gebou het net soos die een by die tabernakel te Shiloh het spoedig die res van die Israëliete bereik! Onder die indruk dat hul broers 'n mededingende plek van aanbidding opgerig het, het die res van die Israelitiese stamme gereed gemaak vir oorlog om hulle te straf vir hierdie duidelike verbreking van die Verbond. Toe die Israëliete Oos van die Jordaan egter vir 'n verduideliking gevra is, blyk dit glad nie hul motivering te gewees het nie. Hulle het nie 'n mededingende plek van aanbidding gebou nie, maar eerder 'n gedenkteken om hulle te verbind met hul broers Wes van die Jordaan en die

tabernakel te Shiloh. Valse aannames rakende ander mense se bedoelings het deur die eeue tot baie konflik gelei.

Een spesifieke gesindheid is agter baie konflikte, wat veroorsaak dat dit vererger en verhoed dat dit opgelos word. Daardie gesindheid wat noodsaaklik is vir konflik en oorlog, is **trots!** Spreuke 13:10 herinner ons daaraan: “Vermetelheid gee net getwis af”. Jakobus herinner ons daaraan dat God die hoogmoediges weerstaan maar genade – Sy vrywillige verlening van voordele – gee aan die nederiges (Jak. 4:6).

Of ons nou praat van algehele oorlogvoering tussen nasies of eenvoudig van konflik tussen familielede en bure, is die grondliggende oorsake dieselfde – hebsug, misverstande en 'n begeerte om wraak te neem. Net soos die weg van vrede, is dit ook op beide nasies en individue van toepassing.

Die Wet dui Die Weg aan

God het Moses geïnspireer om die mense te vermaan dat hulle heilig moes wees, omdat God heilig is (vgl. Lev. 19:2). Die Skepper wil hê dat ons Sy sienswyse moet deel en Sy karakter moet besit. Verse 9-18 bevat 'n reeks gebooe wat opgesom word deur die stelling: “jy moet jou naaste liefhê soos jouself”. Hoe pas ons dit egter prakties toe en hoe ly dit tot vrede?

Die eerste punt wat genoem word is **vrygewigheid** aan die

behoefte ges (verse 9-10). Wanneer boere hul gesaaides oes, is hulle aangesê om nie die kante van die land heeltemal af te oes of op te tel wat geval het nie. Hulle moes ook nie later teruggaan om die laaste vrugte te oes nie. Hulle moes dit vir die armes en die vreemdelinge laat oorbly. God se mense is dus uit die staanspoor presies die teenoorgestelde van 'n selfgesentreerde benadering wat op die persoon self ingestel is, geleer.

Die volgende punt wat beklemtoon word, is die belangrikheid van **eerlikheid** in al ons handeling (verse 11-13). Ooreenkomste moet nagekom word en ons woord moet ons eer wees. Dit word uitgestip dat die sterkere nie misbruik moet maak van die swakkere nie. Lone moet ten volle en betyds betaal word. Om anders te doen is om ons naaste te bedrieg en veroorsaak net griewe.

Vers 14 wys dat ons aan almal **respek** moet betoon, of hulle daarvan bewus is al dan nie. 'n Dowe persoon mag dalk nie daarvan bewus wees dat iemand hom of haar vloek nie, maar so 'n daad van minagting toon veragting vir 'n ander mens. Om 'n struikelblok voor 'n blinde te sit is om skade te doen met die gedagte dat jy nie uitgevang sal word nie. Die einde van die vers gee ons egter die antwoord. **Ons moet ons lewens in diepe bewustheid van God se teenwoordigheid leef.** Dit gaan nie daarvoor of mense weet hoe ons ander mense behandel al dan nie. Dit is selfs nie eens 'n

geval of diegene wat ons met minagting behandel het, daarvan bewus is of nie. Die lewe moet voor God en nie net voor mense geleef word nie.

Die volgende vers leer ons om **regverdig** te wees teenoor almal. Ons moet nie dubbele standaarde van geregtigheid hê en nóg die rykes nóg die armes bevoordeel. Ongeag maatskaplike stand of welstand, is die persoon met wie ons te doen het ons naaste en moet op 'n gelyke vlak behandel word. Om partydig te wees – hetsy omdat ons óf jammer voel vir iemand se lae stand óf beïndruk is deur iemand se hoë stand – gee aanleiding tot 'n samelewing wat onregverdig en onbillik is. Hoewel dit dikwels in die hedendaagse samelewing plaasvind, sal dit nie toegelaat word in 'n samelewing wat volgens God se wet regeer word nie.

Verse 16-18 wys hoe diegene wat werklik hul naaste liefhet soos hulself, sal reageer op die sonde van ander. Ons sien ook dat God se wet die mees algemene benaderings verbied wat mense vandag teenoor konflik en onenigheid het.

Die wet herinner ons om nie nuusdraers te wees nie. Ons moet nie rondgaan en skandes oorvertel of met enigeen wat gewillig is om te luister praat om hulle te oortuig om saam met ons te stem in gevalle van konflik nie. Om bondgenote te probeer maak of bloot iemand te verkleineer, is nie die weg na vrede nie. Nuusdraers verseker

dat ou sondes nie vergeet word nie en dat ou konflikte nie werklik opgelos word nie. Dit word dikwels gemotiveer deur 'n begeerte om guns te wen ten koste van iemand anders.

Hierbenewens moet ons nie griewe koester of wraak najaag nie. Om griewe te vertroetel sorg daarvoor dat niks van die verlede ooit tot rus kom nie. Sommige mense vertoon openlik hul griewe en vyandskap teenoor ander mense terwyl ander eenvoudig haat in hul harte koester. Hetsy dit nou is dat ons “ons kant” van die storie vertel sodat iemand met ons sal saamstem, om te probeer om iemand terug te kry of om in die geheim 'n grief teen iemand te hou wat ons in die verlede te nagekom het, verbied God se wet hierdie drie benaderings ewe sterk.

Wat staan ons dan te doen? Ons word gesê om na iemand wat gefouteer het te gaan en dit op so 'n manier aan hom uit te wys wat hom dalk van sy sonde sal kan oortuig. Ons moenie skinder, ander mense probeer straf of stilweg 'n grief vertroetel nie. Ons moet eerder die skuldige party daadwerklik konfronteer en probeer help. Dit is natuurlik dikwels makliker gesê as gedaan – trouens, die meeste mense is bang vir konfrontasie en probeer om dit te vermy. Tog is dit een van die doelgerigte opdragte wat in die “koninklike wet” van jou naaste liefhê soos jouself opgesom word. Hoe gaan ons te werk om hierdie aspek van die weg na vrede, behoorlik toe te pas?

Vreedsame Oplossing van Onenighede

In Mattheus 18 bespreek Christus hierdie selfde onderwerp met Sy dissipels. Hoe moet foute hanteer word om vrede eerder as konflik tot gevolg te hê? Dit is belangrik om te verstaan aangesien dit nie slegs die dinge wat ons tans in die Kerk van God moet leer en toepas behels nie, maar ook die dinge waarop ons onself moet op voorberei om aan die hele mensdom te leer in die wêreld van môre.

Jesus Christus het die weg van vrede verduidelik deur te begin om die belangrikheid van 'n nederige, kinderlike gees te beklemtoon. Aangesien twis en onenigheid voortvloei uit hoogmoed, is dit belangrik dat Christus se dissipels deur nederigheid gekenmerk sal word. Hierdie gedagtegang moet verstaan word om 'n *voorvereiste* te wees vir al Christus se leringe wat volg.

Die volgende aangeleentheid wat lewensbelangrik is om te verstaan, is dié van aanstoot gee en neem. Wat beteken dit in hierdie verband om aanstoot te neem of te gee? Die Griekse woord *skandalon* is die oorsprong van die terme wat in Afrikaans as “aanstoot gee” of “te na kom” vertaal word. In die oorspronklike betekenis verwys dit na iets wat 'n val veroorsaak – m.a.w. 'n struikelblok of lokval. Lank voor Nuwe-Testamentiese tye het die woord hoofsaaklik verwys na iets wat veroorsaak dat iemand val of struikel in die

lewe – iets wat inmeng met 'n egalige verloop van die lewe.

Jesus Christus Self was as 'n *skandalon* beskou deur dié wat ongehoorsaam was aan die evangelie (vgl. 1 Pet. 2:8). Die ongehoorsame het figuurlik oor God se Woord gestruikel, omdat Jesus en Sy boodskap inbreek gemaak het op hul lewensreis en dit vir hulle ongemaklik gemaak het. *Skandalon* word egter meer algemeen in 'n negatiewe konteks gebruik om gedrag te beskryf wat ander mense op 'n morele of geestelike wyse seermaak en veroorsaak dat hulle van “die reguit en smal” weg afval of struikel. Hoewel die wêreld sal sorg daarvoor dat daar geen tekort aan struikelblokke is om ons Christelike reis te bemoeilik nie, moet ons groot sorg dra dat ons eie gedrag nie ander mense in versoeking bring om te sondig of veroorsaak dat hulle struikel in hul pogings om saam met Christus te wandel nie. Ons moet ook bereid wees om alles te doen ten einde gesindhede in ons eie lewe wat kan veroorsaak dat ons sondig, uit te roei.

Christus, ons Goeie Herder, beklemtoon dan die belangrikheid wat Hy plaas daarop om enige van Sy skape te gaan soek wat gestruikel of verlore geraak het (verse 11-14). Dit demonstreer die hoë waarde wat God aan elkeen van Sy skape heg en moet die gesindheid wees waarmee ons ander wat teen ons gesondig het benader. Ons gaan *nie* na hulle toe om ons self te regverdig of om hulle te dwing om verskoning

te vra omdat hulle ons gevoelens seergemaak het nie, hoewel hierdie spontane motiewe vir ons as mense is. Ons gaan na ons broer wat sondig met 'n begeerte om *een wat afgedwaal het, te help terugbring!*

Hierdie begeerte om ons broer te red is waarom Christus ons leer om nie eenvoudig “die saak te laat vaar nie”. Indien 'n persoonlike ontmoeting van aangesig tot aangesig nie daarin slaag om die nodige hulp te verleen wat nodig is om iemand weer op die regte pad te bring nie, moet ons teruggaan na hom toe met getuies om sy gedrag, en die feite onbetwisbaar te bepaal. As hierdie tweede poging misluk, moet die saak onder die Kerk se aandag gebring word.

Sommige mense het verkeerdelik gedink dat om 'n saak “na die kerk” te neem beteken om dit voor die hele gemeente uit te lap. Dit is egter nie wat die Bybel beskryf nie. Om die saak “na die kerk” te neem beteken om na gesaghebbendes in die Kerk te gaan. Ons sien 'n uitbeelding daarvan in Handeling 11:29-30, waar 'n kollekte in Antiochië vir die broeders in Judea opgeneem is. Vers 29 verduidelik dat die kollekte vir die broeders was, maar vers 30 verduidelik dat dit eintlik in die hande van die ouderlinge gegee is, wat weer op hulle beurt verantwoordelik is vir die verspreiding daarvan onder die broeders. Die ouderlinge is verantwoordelik daarvoor om na

die gemeente om te sien (vgl. 1 Tim. 3:4-5), en tree namens die Kerk op. Die konteks van Mattheus 18 wys ook dat Christus met die Twaalf gepraat en hulle die gesag gegee het om bindende beslissings te maak. Dit moet duidelik in Christus se naam gedoen word; dit is, op Sy gesag gebaseer – nie op die idees en grille van mense nie.

Mattheus 18 sluit af deur die belangrikheid te beklemtoon om gewillig te wees om vergewensgesind te wees. Petrus het uit die aard van die saak gedink dat hy werklik Christus se punt verstaan het en grootmoedig aangebied om iemand sewe keer te vergewe wat teen hom gesondig het, maar Christus het aan hom verduidelik dat dit nie naastenby genoeg is nie. Christus het afgesluit met 'n gelykenis om te verduidelik hoe ons gewillig moet wees om iemand wat teen ons gesondig het te vergewe indien ons van God verwag om ons te vergewe. Die Griekse woord vir vergewe is *aphiemi*, wat letterlik beteken “om te los” of “om agter te laat”. Dit moet ons gesindheid wees.

Een ander belangrike aspek van die weg na vrede is die **wyse** waarop ons na 'n broeder gaan. Galasiërs 6:1 beklemtoon dat wanneer ons na ons broer gaan, ons motief herstelling moet wees en dat ons hom met 'n gesindheid van diepe nederigheid benader. Dit pas natuurlik presies in by die konteks van Mattheus 18, waar die klem dieselfde is: die belangrikheid van 'n kinderlike

nederigheid en die belangrikheid wat God daarop plaas om die een wat afgedwaal het, te herstel.

Neem nou kennis van iets met 'n ander inslag wat Christus uitbring in die Bergpredikasie. In Mattheus 5:23-24 lê Hy klem daarop dat sodra ons agterkom dat iemand iets teen ons het, ons die inisiatief moet neem om versoening na te streef deur reguit na hom te gaan.

Waarom gaan ons na ons broer? Omdat ons besorg is oor hom! Ons word nooit aangesê om onself te regverdig of om 'n argument of dispuut te wen nie. Wanneer ons agterkom dat vervreemding plaasgevind het, gaan ons om versoening te kry.

Wanneer iemand 'n sonde teenoor ons gepleeg het, probeer ons nie om hom terug te kry of om hom in die moeilikheid te bring nie, maar eerder om ons fouterende broer terug te wen op die pad van geregtigheid.

In die hedendaagse samelewing probeer mense om hul eie belange te bevorder. Hulle ken eenvoudig nie, of het nie 'n diep waardering vir die weg na vrede nie. Wanneer mense slegs hul eie belange nastreef, veroorsaak dit selfsugtigheid in die wyse waarop hulle met ander omgaan, onenigheid op 'n persoonlike vlak en lei tot oorlog op nasionale vlak. Die weg na vrede begin met ons as

individue, maar brei uit tot die hele gemeenskap en oor die hele wêreld.

Die wêreld van môre sal baie verskil van die hedendaagse. 'n Hele gemeenskap sal die weg na vrede leer, wat daarop gebaseer is om te leer hoe om ons naaste lief te hê en te waardeer. Christus het Sy dissipels 'n boodskap geleer wat gebaseer is op die regte toepassings van die regverdige wet wat Hy baie eeue tevore deur Moses geopenbaar het. God se weg was nog altyd die weg van liefde en Sy Woord vertel ons hoe om daardie beginsel op 'n praktiese wyse toe te pas in al ons doen en late met andere. §

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en vermeld dat u navraag doen
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**

Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur.

Satan se middele

Deur Douglas S. Winnail

Weet u hoe die duiwel te werk gaan en waarom?

Ons leef in 'n wêreld vol probleme – persoonlike probleme, probleme tussen individue, in families, kerke en organisasies, asook tussen nasies. In ons moderne wêreldlike samelewing *veronderstel* baie mense dat die oplossing van probleme lê in onderhandeling, die maak van nuwe wette of die toepassing van oues, die voorsiening van berading of finansiële hulp of meer geleenthede vir die minderbevoorregtes. Tog sien hierdie pogings om probleme op te los dikwels 'n fundamentele aspek van die werklikheid oor die hoof of ignoreer dit heeltemal. Die Bybel onthul dat 'n magtige geestelike wese – Satan die duiwel – diep betrokke is by die aanhitsing van probleme wat die mensdom teister. Die Skrif beskryf Satan se natuur, doelwitte en metodes. Ons sal in hierdie artikel ondersoek instel om te sien hoe hierdie magtige geestelike wese te werk gaan, sodat ons meer bedag kan wees op sy bedrywighede en verhoed om onder sy invloed te kom. Sonder hierdie Bybelse kennis kan ons onwetend pionne word in Satan se ontwrigtende planne en voorneme en sodoende probleme skep eerder as oplos.

Satan se natuur

Die Bybel onthul dat toe God

die wese wat vandag Satan heet, geskape het, Hy perfek in aansien en wysheid was (Esegiël 28:12-13). God het aan hierdie magtige en begaafde wese die spesifieke posisie gegee om Sy troon te beskut (Esegiël 28:14), gesimboliseer deur die twee gerubs op die Verbondsark met vlerke wat oor die genadetroon strek (simbolies van God se troon, sien Eksodus 25:18-22). Hierdie magtige wese het egter toegelaat dat ydele gedagtes sy denke oorheers. Hy het begin om homself as bekwaam te beskou om God se rol in die uitpansel oor te neem (Jesaja 14:12-15) en het uiteindelik een derde van die engele in rebellie teen God gelei (Judas 6; Openbaring 12:4-9). As gevolg van hierdie misleide gedagtes en optrede is sy naam verander na Satan (wat beteken “teenstander” of “vyandige teenstander” van God).

Die Skrif dui aan dat toe Satan gesondig en teen God se goddelike plan begin optree het, het sy verstand pervers en sy redenasie verdraaid geword en die wysheid wat God hom gegee het, het korrup geword (Esegiël 28:15-17). Hy is deur gewelddadige gedagtes en optredes gevul (Esegiël 28:16). Hy begin leuens versprei en bevorder haat en moord (Johannes 8:44). Satan word

ook in Hebreeus “Abaddon” (Openbaring 9:11) en 'n verleier (Openbaring 12:9) genoem. Satan se vernietigende en misleidende aard is heeltemal die teenoorgestelde van God se natuur, aangesien God 'n skepper en onderhouer is wat die waarheid handhaaf, in liefde optree en genade en besorgdheid teenoor andere toon.

Satan se doelwitte

Satan verstaan die plan van God en dat God mense na Sy ewebeeld geskape het (Genesis 1:26-28) om deel te word van die Goddelike familie (Romeine 8:14-17; 1 Johannes 3:16). Hy verstaan ook die belangrikheid van die fisiese gesin in die vormingsproses van die toekomstige lede van God se familie (sien Kolossense 3:18-20). Satan weet ook dat die kerk 'n lewensbelangrike deel is van God se plan om mense te help ontwikkel tot geestelike volwassenheid. Hy weet dat lidmate van die Kerk leer om te reageer op die leierskap van Jesus Christus, net soos 'n vrou behoort te reageer op die leierskap van 'n liefdevolle eggenoot (Efesiërs 5:22-33). Satan weet dat die kerk 'n belangrike roeping het om die evangelie van die komende Koninkryk van God te verkondig, om die wêreld te waarsku

aangaande die naderende oordeel en om die kudde wat God uit die wêreld roep, te voed. Satan weet ook dat God wil hê dat diegene wie Hy roep, die denkwyse en karakter van hul Skepper moet ontwikkel (Filippense 2:5) en 'n lig vir hierdie wêreld moet wees (Mattheus 5:13-16).

As die teenstander en vyandige opponent van God en Sy plan, het Satan egter van die begin af gepoog om die plan van God te ondermyn en te ontwrig. Hy het Adam en Eva mislei en onenigheid in die eerste gesin gesaai wat aanleiding gegee het daartoe dat Kain sy broer vermoor het (sien Genesis 3-4). Satan het sade van rebellie, twyfel, afgodediens en seksuele losbandigheid in die kamp van antieke Israel en later ook in die koninkryke van Israel en Juda gesaai. Satan het probeer om Jesus pas na Sy geboorte te vernietig om sodoende God se plan vir 'n Messias te dwarsboom (Mattheus 2:16-18). Hy het Judas beweeg om sy Meester te verrai (Johannes 13:27) en die Joodse gesaghebbendes aangespoor om hulle teen Christus te verset (Johannes 8:40-44). Satan poog sedert die ontstaan van die Kerk in die eerste eeu na Christus om die kerk te infiltrer, te ontwrig en te vernietig (sien Handeling 4:9).

Satan vervolg ook individue, veral die wat geroep is of wat met God se waarheid in aanraking gekom het. In die Bybel word hy beskryf as een wat "rondloop soos 'n brullende

leeuensoekwie hy kan *verslind*" (1 Petrus 5:8). Satan wil individue vernietig sodat hulle nie deel van God se familie kan word nie en om die struktuur wat God ontwerp het om toekomstige lede van Sy familie voor te berei, te ondermyn. Satan beoog ook om die kerk van sy Godgegewe sending te laat wegdraai. Wat presies is sy metodes? Hoe kan ons sy bedrywighede eien en hoe kan ons voorkom dat ons niksvermoedende pionne in sy ontwrigtende planne word?

Satan se middele

Die Bybel dui aan dat Satan die "god van hierdie wêreld" is (2 Korintiërs 4:4) en die "owerste van die mag van die lug" (Efesiërs 2:2). Hy het die vermoë om gedagtes in mense se verstand te plaas, om gesindhede te beïnvloed en handeling aan te hits teen die weg wat God wil hê mense moet beoefen. Die meeste mense vandag besef nie dat Satan werklik ons gedagtes, handelwyses en reaksies kan beïnvloed nie. Die apostel Paulus waarsku die vroeë kerk dat "ons ... met sy planne nie onbekend [is] nie – sodat ons nie deur die Satan bedrieg sou word nie" (2 Korintiërs 2:11). *Hoe sien ons egter raak wanneer Satan ons probeer beïnvloed? Ons sal vyf metodes ondersoek wat Satan gebruik om sy doelwitte te bereik.*

(1) *Satan werk deur misleiding.* Die Bybel dui aan dat Satan die hele wêreld *mislei* het (Openbaring 12:9). Jesus het

gewaarsku dat baie vals leraars sou kom wat aanspraak maak daarop dat hulle Christene is wat "baie mislei" (Mattheus 24:5). Deur die vermenging van waarheid en dwaling ten einde onbehoedsame mense te mislei, is 'n metode wat Satan doeltreffend in die tuin van Eden teen Adam en Eva gebruik het (Genesis 2:17; 3:1-13). Hy beroep hom op Eva se fisiese sintuie, haar emosies en menslike redenasie en slaag daarin om haar te mislei sodat sy 'n verkeerde besluit neem. Satan gebruik vandag nog dieselfde metodes. Dit is waarom God spesifieke waarskuwings in die Skrif voorsien, soos byvoorbeeld: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens *reg lyk*, maar die einde daarvan is die weë van die dood" (Spreuke 16:25). Ons lees ook: "Vertrou op die Here met jou hele hart en *steun nie op jou eie insig nie*" (Spreuke 3:5). Een van die sekerste maniere om mislei te word, is om wyse raad te ignoreer en ons eie redenasie – of die redenasie van "vriende" met wie ons ons vereenselwig – te volg. Die apostel Paulus leer ons: "Beproof alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21). Alvorens ons belangrike besluite neem, moet ons die gevolge van ons voornemende keuses of aksies sorgvuldig evalueer. Hierdie is praktiese riglyne om ons te help om te verhoed dat ons nie deur ons teenstander mislei word nie en dat ons nie in situasies sal beland wat ons uiteindelik laat afdwaal nie.

(2) *Satan is die aanklaer van die broeders.* Satan kan sy afbrekende doelwitte bereik deur mense aan te hits om skadelike bewerings teen ander mense te maak. Die vernietigendste beskuldigings is dié wat feite verdraai en wanvoorstel ten einde iemand se karakter te vernietig. Jesus Christus was vals beskuldig en gekruisig (Mattheus 26:59-66). Stefanus het 'n soortgelyke lot aan die hande van vals beskuldigers verduur (Handelinge 6:8-14). Satan gebruik vandag nog dieselfde taktiek. Vals beskuldigings het 'n groot rol gespeel om verdeeldheid in families en die Kerk te bewerkstellig. Ons moet waak daarteen om nie te luister na mense wat met lang lyste beskuldigings teen iemand anders kom nie, sodat ons nie in Satan se verdelende planne verstrengel raak nie. God waarsku ons: “n Deugniet grawe 'n kuil van onheil, en op sy lippe is soos 'n brandende vuur [dit is al waaroor hy wil praat] (Spreuke 16:27). Ons word ook ingelig: “Hy wat die eerste in sy regsak is, het reg; maar sy naaste kom en ondersoek hom terdeë” (Spreuke 18:17). Dit is nooit wys om die eerste persoon wat sy saak stel te glo nie. Dit is altyd beter om na die “ander kant” van die storie te luister alvorens ons tot 'n slotsom kom. Jesus het nie beskuldigings aangemoedig nie, maar gee beskuldigers hierdie raad: “Suiwer julle eie dade” alvorens julle te besorg raak oor ander se foute. As ons vasbeslote is om “in die

voetspore” van Jesus te wandel, sal ons nie onwetend werktuie word in Satan se planne deur na vals beskuldigings te luister of om ons aan te sluit by beskuldigers in hul vernietigende werke nie.

(3) *Satan versprei gerugte.* 'n Gerug is bloot skinderpraatjies – iets wat u van iemand anders gehoor het. Gerugte is geneig om vriende, kennisse, kollegas, familieledede en kerke te ondermyn en te verdeel. Gerugte is gevaarlik en afbrekend en dit is waarom Satan dit aanwend. Die Bybel neem sterk standpunt in teen die verspreiding van gerugte. Moses sê aan Israel: “Jy mag nie as 'n kwaadspreker onder jou volksgenote rondloop nie” (Levitikus 19:16). Salomo skryf: “Deur die mond stort die roekelose sy naaste in die verderf” en “die wat met kwaadsprekery omgaan, maak 'n geheim openbaar, maar hy wat betroubaar is van gees, bedek 'n saak” (Spreuke 11:9-13). Ons word ook vertel: “n Man van valse streke saai tweedrag, en 'n kwaadstoker skei vriende van mekaar – wie 'n oortreding bedek, [oor die hoof sien of vergewe] soek liefde; maar hy wat 'n saak weer ophaal, skei vriende van mekaar” (Spreuke 16:28; 17:9). Mense wat deur Satan beïnvloed is, hou daarvan om sappige gerugte omtrent ander te hoor en te versprei en veroorsaak sodoende tweespalt en kwade gevoelens. Tog sê die Bybel: “Deur gebrek aan hout gaan die vuur dood, en as daar geen kwaadstoker is nie, bedaar

die twis” (Spreuke 26:20). 'n Ware Christen sal nie na gerugte luister of hulle versprei nie. Enigiemand met die geneigdheid om gerugte te versprei, sal heel moontlik 'n werktuig in Satan se hande word.

(4) *Satan versprei leuens.* Jesus het dit duidelik gestel dat Satan 'n leuenaar is wat geen respek of agting vir die waarheid het nie (Johannes 8:44). Om sy doelwitte te bereik, kan Satan diegene gebruik wat geneig is om die waarheid te verdraai of te verduister om hul eie doelwitte te bereik. Satan het leuens en halwe waarhede in die Tuin van Eden gebruik (sien Genesis 3). Hy het Ananias en Saffira beweeg om vir Petrus te lieg – iets wat hulle hul leuens gekos het (Handelinge 5:1-11). Paulus sê aan Timotheus: “In die laaste tye [sal] sommige van die geloof afvallig word – deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete – hulle sal lieg sonder om te blik of te bloos, om hul eie selfsugtige doelwitte te bereik (1 Timotheus 4:1-2). Wanneer mense lieg en in gebreke bly om die waarheid te praat, word vertrou vernietig. Families, kerke, sakeondernemings en gemeenskappe wat deur leuens geteister word, begin verbrokkel omdat niemand enigiemand anders kan vertrou nie. Leuens is afbrekend en dit is waarom Satan (die vernietiger) dit as middel aanwend. God, ons wyse Skepper, het een van die gebooie – “Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek

nie” – ontwerp om hierdie gevaarlike gedrag te ontmoedig. As 'n mens nie lieg of deelname het aan die verspreiding van leuens nie, kan ons voorkom dat Satan ons gebruik.

(5) *Satan verag gesag en tree voorbarig op.* Satan het aangeneem dat, omdat God hom volmaak in aansien en wysheid geskep het, hy God as't ware kon vervang (of in plaas van God kon optree) (Jesaja 14:12-14). In sy misleide vermetelheid het hy 'n engel-opstand teen sy Skepper aangevoer. Ons sien hierdie selfde gesindheid in mense wat deur Satan beïnvloed word. Die dissipels kom 'n plaaslike leier in Samaria, met die naam Simon teë, wat daarop aanspraak maak dat hy “iets besonders was” (Handelinge 8:9). Simon was aangegryp deur die wonderbaarlike krag wat die dissipels besit het en probeer om daardie krag te koop ten einde dit vir sy eie doeleindes te gebruik (verse 18-19). Petrus se reaksie – “Jy het geen deel of lot in hierdie saak nie” (Handelinge 8:21) – dui aan dat Simon eintlik 'n “apostelskap” wou koop (sien Handelinge 1:25). Simon se voorbarige optrede was die gevolg van Satan se invloed (Handelinge 8:22-23). Petrus waarsku later dat valse leraars gekenmerk sal word deur hul gewilligheid om “gesag te verag. Vermetel en aanmatigend, skroom hulle nie om die heerlike wesens te belaster nie” (2 Petrus 2:1-10). Deur die eeue het baie hulself tot profete, evangeliste

en leraars verklaar en baie opregte mense mislei. Die Bybel dui aan dat God deur Sy Kerk werk om nederige, bekwame persone in posisies van leierskap aan te stel – mense wat gevestigde gesag herken en daarmee kan saamwerk (sien Romeine 10:14-15; Handelinge 13:1-3; 1 Timotheus 3; Titus 1:5-9). Jesus het die voorbeeld gestel van hoe om gesag te respekteer en daaraan onderworpe te wees (Johannes 5:30; 6:38). Enig een wat Christus se voorbeeld volg, sal nie voorbarig optree of die gesag wat God in die Kerk of familie gevestig het, verag nie. Sulke Christene sal hulself ook onderwerp aan die landswette waar hulle woon, mits daardie wette nie teenstrydig is met die wette van God nie (Romeine 13:1-3). Satan sal dit uiters moeilik vind om iemand te beïnvloed wat die regte gesindheid jeens gesag het.

(6) *Satan gee voor dat hy 'n Christen en deel van die Kerk is.* Soos ons reeds gesien het, het Simon, die selfaangestelde leier van Samaria, daarop aanspraak gemaak dat hy 'n Christen is omdat hy gedoop was (Handelinge 8:13), maar sy latere optrede het onthul dat hy bloot voorgegee het. Die apostel Paulus praat van “valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus” (2 Korintiërs 11:13). Paulus verduidelik voorts: “Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders

wanneer sy *dienaars* hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie” (2 Korintiërs 11:14-15). Volgens die Bybel het Satan leraars wat hulself voordoen as leraars van Jesus Christus – wat voorgee dat hulle Christelike leiers is! Hierdie vals leraars sal betrokke wees by die verkondiging van 'n “ander Jesus – 'n ander gees – en 'n ander evangelie” (2 Korintiërs 11:1-4). Dit is waarom daar vandag so baie verskillende kerke is wat soveel verskillende idees verkondig. Dit is alles deel van Satan se plan om die Kerk wat Jesus Christus gestig het, te vernietig – die Kerk wat Hy steeds bestuur en lei.

Net omdat mense die Kerk van God bywoon, beteken nie dat hulle bekeerd is nie. Paulus waarsku die leiers van die kerk in Efese: “Want ek weet dit, dat na my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julleself sal daar manne opstaan wat verkeerde [verleidende, misleidende] dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan” (Handelinge 20:29-30). Paulus beskryf hoe vals leraars – onbekeerde individue wat “lede” van die Kerk blyk te wees – inderwaarheid instrumente van Satan word en deur hierdie magtige geestelike wese gebruik sal word om verwoesting en verderf in die Kerk van God te saai.

Die Bybel toon duidelik dat Satan werklik bestaan en dat hy probleme tussen individue, familielede, kerkklidmate en

Samaritane: Oud en Nuut

Deur Robert J. Thiel

Beide die Ou en die Nuwe Testament vermeld die Samaritane. Terwyl die wêreld in die algemeen daarvan hou om op die gelykenis van “die barmhartige Samaritaan” te fokus, word daar nie gefokus op dít wat die Samaritane (en selfs die Israeliete wat hul verkeerde waardes gedeel het), verteenwoordig het nie. Het die Samaritane goedheid of getrouheid aan God verteenwoordig, of iets heel anders? Die Bybel – die basis vir leerstellings (2 Timotheus 3:16) – gee ons die antwoord.

Ou Testamentiese Samaritane

Samaria was 'n gebied noord van Jerusalem. Die eerste keer dat Samaria in die Bybel genoem word, is in 1 Konings waar 'n uitspraak van 'n “man van God” bespreek word (1 Konings 13:31): “Want die woord sal sekerlik uitkom wat hy deur die woord van die HERE uitgeroep het teen die altaar wat in Bet-el is, en teen al die tempels van die hoogtes wat in die stede van Samaría is” (vers 32). Dit was God se waarskuwing teen vals aanbidding in Samaria.

Selfs voor die Assiriese gevangenskap het God Sy misnoeë te kenne gegee oor die Israeliete wat in Samaria gewoon het. Meer as 25 jaar voordat Israel in gevangenskap geneem was, skryf die profeet

Hosea: “... [toe] word die ongeregtigheid van Efraim openbaar en die booshede van Samaría; want hulle pleeg bedrog” (Hosea 7:1). “Jou kalf, o Samaría, is afskuwelik; my toorn is teen hulle ontvlam. Hoe lank sal hulle tot reinheid onbekwaam wees? Want dit is ook uit Israel: 'n smid het dit gemaak, en dit is geen god nie; maar tot splinters sal dit word – die kalf van Samaría” (Hosea 8:5-6). Die profeet Hosea sê ook: “Samaria sal daarvoorboet, omdat hy weerspanning was teen sy God; hulle sal val deur die swaard, hulle kinders sal verpletter en hulle swanger vroue oopgesny word” (Hosea 14:1). Let daarop dat die kinders van Israel, in Eksodus, toe hulle die goue kalf aanbid het, daarop aanspraak gemaak het dat hulle eintlik die ware God aanbid (Eksodus 32:8). Tog was God nie gelukkig met hul aansprake of hul aanbidding nie (vers 9).

Nadat Israel 'n belangrike oorlog verloor het en in Assiriese gevangenskap geneem was, was Samaria hoofsaaklik bewoon deur nie-Israeliete. “En die koning van Assirië het uit Babel en uit Kuta en uit Awa en uit Hamat en Sefarvaim mense ingevoer en laat woon in die stede van Samaría, in die plek van die kinders van Israel” (2 Konings 17:24). Aan die begin het hierdie nuwe bewoners van Samaria geen vrees vir God

gehad nie en toe hulle deur leeus omsingel was, het hulle die koning van Assirië om hulp gevra, omdat hulle beseft het dat hulle die “verplichting teenoor die God van die land nie ken nie” (2 Konings 17:26). In reaksie stuur die koning van Assirië een van die Israelitiese priesters wat in ballingskap geneem was om die Samaritane die ware aanbidding van die God van Israel te leer (vers 27).

Hoe het die Samaritane toe gereageer? Het hulle die ware aanbidding van die God van Israel aanvaar? Nee! Volgens 2 Konings 17:29 het hulle voortgegaan met hul afgodery: “Maar hulle het, elke nasie, sy eie god gemaak en in die tempels van die hoogtes opgestel wat die Samaritane gebou het; elke nasie in hul stede waarin hulle woonagtig was”.

Daar was iets ongewoon aan hierdie groep mense. “Hulle het die HERE gevrees en hulle eie gode gedien volgens die gebruik van die nasies waar hulle vandaan weggevoer is. Tot vandag toe handel hulle volgens die vroeëre gebruike: hulle vrees die HERE nie, en handel ook nie volgens hulle insettinge en volgens hulle gebruike nie, of volgens die wet en volgens die gebod wat die HERE die kinders van Jakob beveel het, aan wie Hy die naam Israel gegee het. Tog het die HERE met hulle 'n

verbond gesluit en hulle bevel gegee en gesê: Julle mag geen ander gode vrees of julle voor hulle neerbuig of hulle dien of aan hulle offer nie. Maar die HERE wat julle uit Egipteland laat optrek het met groot krag en met 'n uitgestrekte arm, Hom moet julle vrees en voor Hom buig en aan Hom offer. En die insettinge en die verordeninge en die wet en die gebod wat Hy julle voorgeskrywe het, moet julle altyd sorgvuldig onderhou, maar ander gode mag julle nie vrees nie. En die verbond wat Ek met julle gesluit het, mag julle nie vergeet nie, en julle mag ander gode nie vrees nie. Maar die HERE julle God moet julle vrees, en Hy sal julle verlos uit die hand van al julle vyande. Hulle het egter nie geluister nie en volgens hul vroeër gebruik gehandel. So het hierdie nasies dan die HERE gevrees en hulle gesnede beelde gedien; ook hulle kinders en hulle kindskinders doen soos hulle vaders gedoen het, tot vandag toe" (2 Konings 17:33-41).

Die Samaritane van die Ou Testament word dus duidelik beskryf as 'n groep mense wat die werklike God nie waarlik aanbid het of Sy gebooi onderhou het nie en wat heidense rituele in hul aanbidding ingesluit het. Sommige Samaritane het wél pelgrimstogte na die tempel in Jerusalem onderneem (vergelyk Jeremia 41:5), maar selfs die Samaritaanse tempel aanbidding het verheidens. Dit kan gesien kan word in hul daarstelling van 'n

aparte tempel by die Berg Gersim in die vierde eeu voor Christus, waar Samaritaanse aanbidding voortgeduur het tot nadat Johannes Herkanus daardie tempel in 129-128 v.C vernietig het (vergelyk *Eerdmans Bible Dictionary*, bl. 907).

Nuwe Testamentiese Samaritane

Smith's Bible Dictionary maak die stelling: "Sekere ander Joodse afvalliges het van tyd tot tyd by die Samaritane skuiling gaan soek; gevolglik het die Samaritane tot sekere mate aanspraak op Joodse bloed gemaak, veral wanneer dit in hul eie belang was". Nie net het die Jode Samaritane nie as egte Jode beskou nie, maar die Nuwe Testament teken aan dat "die Jode hou geen gemeenskap met die Samaritane nie" (Johannes 4:9). Let daarop dat "Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel" (Matteus 10:5-6). Jesus het dus die Samaritane blykbaar in dieselfde lig as ander heidene beskou. Later, na Christus se opstanding, het Hy natuurlik Sy volgelinge spesifiek opdrag gegee om die evangelie na Samaria te neem (Handelinge 1:8) en die Kerk daar, het toegeneem (Handelinge 9:31).

Jesus was baie duidelik oor wat Hy van die Samaritane en

hul vals aanbidding gedink het. Toe Jesus met die Samaritaanse vrou praat (Johannes 4:7) wat beweer het dat haar mense van aanbidding geweet het (vers 20), verklaar Hy: "Julle aanbid wat julle nie weetnie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid" (Johannes 4:22-24). Jesus het die Samaritane veroordeel, omdat hulle nie geweet het wat hulle aanbid nie. Ware aanbidding behels nie fisiese heidense rituele nie, dit behels aanbidding in waarheid! Jesus het die Samaritane se vorm van aanbidding as onaanvaarbaar beskou en Hy haal ook teenoor die Fariseërs 'n gedeelte uit Jesaja aan, wat op die Samaritane van toepassing kon wees: "Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is" (Matteus 15:8-9).

Dit is moontlik om 'n Samaritaan te wees en iets goeds te doen (Lukas 10:33, 37), maar beteken dit dat die Samaritaanse goddiens vir God aanvaarbaar is? Soos baie ander teksverse aandui, is die antwoord duidelik: "Nee"!

Moderne Samaritane

Is daar vandag enige

godsdienstige mense soos die Samaritane, wat "goeie dade" doen ten spyte daarvan dat hulle 'n vals godsdiens beoefen? Het Jesus voorspel dat daar vals Christene sou wees? Hy sê: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!" (Mattheus 7:21-23). Indien hulle wetteloosheid beoefen, selfs al het sommige klaarblyklik wonderwerke of goeie dade gedoen, sê Jesus dat Hy hulle nooit geken het nie.

Dit is interessant dat Jesus ook sê: "Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg – Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het" (Openbaring 3:9). Hier word na vals Christene verwys as vals Jode, net soos Samaritane elders as vals Jode beskou is!

Vandag maak baie mense daarop aanspraak dat hulle Christus aanbid, tog reken hulle dat God hulle gebruik van onbybelse praktyke in hul aanbidding van Hom, aanvaar. Hulle reken dat God hulle mensgemaakte vakansiedae as geldige alternatiewe vir die Heilige Dae wat in Levitikus 23 aangeteken, is aanvaar; selfs al is dit uit die aanbidding van ander gode geneem. Hierdie

kerkgangers reken dat hulle nie die gebooie van God hoef te onderhou om Christene te wees nie. Hulle verstaan klaarblyklik nie Openbaring 12:17 nie: "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaaren die getuienis van Jesus Christus hou". Dit toon duidelik dat diegene wat die getuienis van Jesus Christus het, die gebooie van God onderhou. Soos die Samaritane van ouds, weet moderne Samaritane nie wat hulle aanbid nie en ongelukkig wil hulle God nie in waarheid aanbid nie. In hierdie lig beskou, is baie mense wat vandag vals Christenskap beoefen, in effek soos moderne Samaritane. §

Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms aankondig

Weet u watter gebeure die grootste gebeurtenis van alle tye – Christus se terugkeer na hierdie aarde – sal aankondig?

Leer waarvoor om op die uitkyk te wees in die huidige chaotiese wêreldsituasie sodat u nie verward of onvoorbereid sal wees nie.

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

Die Wêreld na die Derde Wêreldoorlog (Vervolg vanaf bladsy 12)

wêreld steeds haat ervaar, is God liefde (1 Johannes 4:8, 16). Die wêreld na die Derde Wêreldoorlog sal God se goddelike liefde ervaar van 'n duisend jaar onder Jesus

Christus se heerskap.

Christus leer ons: "Maarsoek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Mattheus 6:33). Mag ons

almal uitsien na Sy komende Koninkryk op aarde en met hoop en geloof uitsien na die *wêreld van môre!* §

Europa en die Vatikaan se Agenda (Vervolg vanaf bladsy 14)

stelling deur 'n Katolieke lekwewerker: "Ek dink die Europese Unie is nie bloot net 'n ontwerp van mense nie, maar ook van God" (*The Tablet*, Londen, Oktober 1999).

Terwyl die Bybel openbaar dat God nie agter die

eenwording van Europa is nie, is die vasberade pogings van een kerk om die dier te bestyg *en te ry*, wat nou besig is om vorm aan te neem op die fundamente van die antieke Romeinse Ryk, lank gelede in die Skrif *voorspel* (Openbaring 17:3-7; sien ook

Daniël 2; 7; Openbaring 13; 18) en is vandag *in wording!* Om meer te wete te kom oor hierdie profesieë wat 'n hoogtepunt gaan bereik met die Wederkoms van Jesus Christus, bestel ons gratis boekie, *Die Dier van Openbaring.* §

Satan se middele (Vervolg vanaf bladsy 23)

nasies aanhits. Satan het sy middele en hy weet hoe om hierdie uiters vernietigende middele te gebruik. As mense moet ons herken hoe Satan te werk gaan. Ons moet sy doelwitte en oogmerke verstaan. Deur die onderrig wat God in Sy Woord voorsien, te

bestudeer en na te volg, kan ons die probleme wat Satan probeer skep, verhoed. Ons moet waaksaam bly en leer om te lewe "van elke woord wat deur die mond van God uitgaan" (Mattheus 4:4). As ons wil voorkom dat ons instrumente in Satan se hande word en as

niks vermoeende werktuie namens hom optree, moet ons in staat wees om die metodes wat hy gebruik om sy doelwitte te bereik, te herken. Deur dit te doen, kan ons Satan se middele vermy en vordering maak in die rigting van die Koninkryk van God. §

Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

om ware vrede, voorspoed, gesondheid en geluk aan hierdie siek en verwarde wêreld te bring. Jesus sê aan Sy dissipels: "En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my **koninkryk** en op trone sit om die **twalf stamme van Israel te oordeel**" (Lukas 22:29-30). Die meeste hedendaagse leraars

laat hierdie en ander soortgelyke skrifdele óf heeltemal na, óf hulle probeer om hierdie lewensbelangrike teksverse as slegs 'n geestelike mededeling af te maak. Jesus het egter duidelik van 'n *letterlike* koninkryk of **regering** gepraat wat met Sy Wederkoms *hier op aarde* gevestig gaan word. Die apostel Johannes beskryf juis Jesus se Wederkoms met die

blaas van die "laaste basuin": "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15). Let daarop dat Jesus Christus na Sy Wederkoms oor die "koninkryke van **hierdie wêreld**"

gaan regeer – **nie** oor mense in die hemel nie!

Lees ook die geïnspireerde “Lied van die Heiliges” wat in Openbaring 5:9-10 aangeteken is: “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers”. Die Bybel leer ons dat die ware heiliges van God saam met Christus **op die aarde** sal regeer. Daar is nie *een enkele vers êrens* in u Bybel wat belooft dat om “hemel toe te gaan” die beloning van die heiliges is nie!

Waarom versuim die meeste hoofstroom kerke om hierdie kragtige boodskap te verkondig dat die Koninkryk van God binnekort op hierdie aarde gevestig gaan word? **Waarom** dring hulle daarop aan om oor die *Persoon* van Jesus te praat, maar tog laat hulle die kragtige **boodskap** na wat Hy van die Vader af gebring het oor 'n toekomstige wêreldregering?

Waarom?

Die apostel Paulus sê tog baie duidelik dat die **doelwit** van **ware** Christene is om deel te hê aan daardie letterlike regering wat op hierdie aarde gevestig gaan word! “Weet julle nie dat

die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2-3). In hierdie skrifgedeelte stel Paulus dit duidelik aan die ware Christene om voor te berei om hierdie ganse aarde te “oordeel” of te **regeer**, terwyl die apostel Johannes sê: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings **regeer** duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

Wat 'n opwindende toekoms! Wat 'n ontsagwekkende **doelwit** om na te streef! Wat 'n wonderlike **rede** om God te dien, ons sondes te oorwin en ons lewens *ten volle oor te gee* sodat Christus in ons kan leef en in ons die *einste karakter* van **God** kan bou (vgl. Galasiërs 2:20). *Dan en slegs dan* sal ons geskik wees om saam met Christus te regeer in Sy eerskomende koninkryk.

God se Woord sê immers: “Dan word die koningskappe die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van

die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (Daniël 7:27). Tog glo die meeste belydende Christene dit **nie**, omdat hulle dit nog nooit *geleer* het nie. Hulle verstaan nie naaste nby die **opperdoel** waarom die mens op aarde geplaas is nie!

In hierdie Werk van God verstaan ons dit **wel**. Ons het nou die voorreg om miljoene mense te help om die *ware* God, die *ware* Jesus Christus van die Bybel en die **Meesterplan** wat God hier op aarde uitwerk, te leer ken.

Lees asseblief die hoofartikel in hierdie uitgawe noukeurig, naamlik: “*Watter Christus aanbid U?*” wat uitbrei oor wat Jesus Christus van u Bybel werklik onderrig. Vir meer diepgaande Bybelse en geskiedkundige bewyse van wat met die oorspronklike Christenskap van Jesus en die Apostels *gebeur het*, skryf gerus vir 'n eksemplaar van ons insiggewende, ten volle gedokumenteerde boekie, *Hervestig die Christenskap van die Apostels*. Dit sal op versoek heeltemal gratis aan u gestuur word.

Roderick Meredith

**Kom besoek ons gerus by ons splinternuwe
Afrikaanse Webblad:
<http://www.wvm.co.za>**